

## **Wiskundige Geletterdheid**

### **Graad 11**

### **Hersiening - Kwartaal 2**

### **Week 1 – Finansies**

## **MAANDAG**

### **VRAAG 1:**

- 1.1 Definisies word nogal gereeld gevra in vraestelle en dit is onnodige punte wat ‘n mens weggooi as jy dit nie ken nie.

Verduidelik elk van die volgende (As jy nog nie het nie, som dit sommer vir jouself in jou boek op met helder kleure – Soos “New Look”):

- Rentekoers
- Rente
- Saamgestelde rente
- Enkelvoudige rente
- inflasie
- debietbalans
- kredietbalans
- Vaste deposito-rekening
- Lopende rekening (tjek-/debietrekening)
- Spaarrekening
- Aftrekorder
- Debietorder

- 1.2 Kies die korrekte opsie:

Huurkoop word ALTYD met enkelvoudige-/saamgestelde rente bereken.

---

## **WOENSDAG**

### **VRAAG 2**

- 2.1 Jy belê R1 800 teen 2,1% per maand, saamgestelde rente.

- 2.1.1 Gee die rentekoers
- 2.1.2 Bereken die totale bedrag aan die einde van die 3 maande.
- 2.1.3 Hoeveel rente het jy ontvang na 3 maande

- 2.2 Jy belê R2 800 teen 4,8% per jaar, maandeliks saamgestelde rente.

- 2.2.1 Gee die rentekoers
- 2.2.2 Bereken die totale bedrag aan die einde van die 3 maande.
- 2.2.3 Hoeveel rente het jy ontvang na 3 maande

- 2.3 ‘n Yskas kos kontant R8 275. Daar is egter ook ‘n huurkop opsie. Jy moet 10% deposito gee. Jy betaal elke maand vir drie jaar R270.

- 2.3.1 Bereken die deposito bedrag  
 2.3.2 Bereken die werklike koste  
 2.3.3 Bereken die totale koste  
 2.3.4 Hoeveel betaal jy meer met die huurkoopooreenkoms as om kontantprys te betaal?

### **VRAAG 3**

#### **PRYSOPSIE 1 – STANDAARDFOOI**

**ABSA LOPENDE REKENING, SILWER, GOUD, PLATINUM, ISLAMITIES-TJEK, FLEXISELECT, SILWER-STUDENT, GOUD-GEGRADUEERD, PROSPERITY, GOUD-SENIOR**

 Hierdie is die betaal-per-transaksie-prysmeganisme, waar 'n spesifieke fooi vir elke transaksie gehef word.

##### **MAANDELIKSE FOOI**

Maandelikse rekeningfooi

R21,00 (Absa lopende rekening)  
 R30,00 (Silwer, Goud, Platinum, Islamities-Tjek,  
 Silwer-Student, Goud-Gebrandueerd,  
 Prosperity, Goud-Senior)  
 R16,00 (FlexSelect)

##### **DEPOSITO'S**

Tjekdeposito: Absa OTM

Geen koste

Tjekdeposito: Taktoonbank

R10,00

Kontantdeposito: Absa OTM

R1,05 per R100 (of deel daarvan)

Kontantdeposito: Taktoonbank

R3,75 + 1,10% van depositowaarde

##### **KONTANTONTTREKKINGS**

Taktoonbank

R20,00 + R1,10/R100 (maks. R500)

Absa OTM/Verkooppunt

R3,75 + R1,05/R100

Absa-ondersteunde OTM

R6,75 + R1,05/R100<sup>(1)</sup>

Saswitch OTM

R9,75 + R1,05/R100<sup>(1)</sup>

Dorsese OTM/Verkooppunt

R45,00

##### **AANKOPE**

Prepaid Top-Up Absa OTM/Verkooppunt

Geen koste

Verkooppunt – Plaaslik

R3,75 + R0,75/R100 (maks. R15,00)

Verkooppunt – Oorsee

R9,75 + R0,75/R100 (maks. R45,00)

##### **REKENINGBETALINGS EN FONDSOORPLASINGS**

Verkooppunt – Plaaslik

R3,75 + R0,75/R100 (maks. R15,00)

##### Rekeningbetalings

- Absa OTM
- Taktoonbank

R3,75 + R0,75/R100 (maks. R15,00)

R20,00

##### Debiet- en aftrekorders

- Intern
- Eksterne Aftrekorder
- Eksterne Debietorder

R3,15

R3,75 + R0,75/R100 (maks. R15,00)

R3,75 + R0,75/R100 (maks. R25,00)

##### Fondsoorplasings

- Absa OTM
- Taktoonbank

R3,15

R20,00

CashSend (Absa OTM)

R6,90 + R1,05/R100

Tjeks uitgereik

R25,00

FlexSelect: NVT

##### **SALDONAVRAE**

Taktoonbank

R2,45

Absa OTM

R1,00

Absa-ondersteunde OTM

R2,95

Saswitch OTM

R3,35

Verkooppunt

R2,00

##### **BANKSTAATFOOIE**

Volledige staat by taktoonbank

R5,50

Absa OTM-ministaat

R1,50

Staat geps/o-e-Staat

R5,50 (fooi vir Prosperity-rekeninghouers)

Volledige staat by Absa CAT-terminal

R2,50

Afskrifte van state (per staat)

R12,50

- jonger as 4 maande
- 4 maande of ouer

R32,00

##### **ADMINISTRATIEWE KOSTE**

Banktjek/Gemerkte tjek

R60,00

Stop betalling-opdrag

R30,00

Aftrekorder: Instelling/Byvoeging

No charge

Spesiale verrekening

R60,00

Debitkaart-vervangingskoste

R50,00

Kredietkaart-vervangingskoste/Koste vir nuwe kaart

R60,00

##### **ANDER FOOIE**

Kennisgewingsfooi (SMS of e-pos)

R0,48

Oortrokke leefooi (p.m.)

R17,00

- Vir die oortrokke voorsiening op jou rekening; of
- As jou rekening sonder magtiging oortrokke raak

R57,00

Geweierde/Teruggestuurde betaling of VT-tjek

R36,00<sup>(2)</sup> (Absa lopende rekening, FlexSelect)

R60,00<sup>(3)</sup> (Silwer, Goud, Platinum, Islamities-Tjek, Prosperity, Goud-Senior, Silwer-Student, Goud-Gebrandueerd)

Geweierde fooi (Onvoldoende fondse)

R1,50

- Absa OTM
- Absa-ondersteunde OTM
- Saswitch OTM
- Verkooppunt

R3,00

R4,00

R2,00

Teruggestuurde tjekdeposito

R60,00

##### **Let wel:**

1. 'n Gerieflikheidspremie van R3,00 of R6,00 word onderskeidelik bykomend gehef wanneer ontrekking by 'n Absa-ondersteunde of Saswitch gedoen word.
2. Styg tot R50 per transaksie vanaf die 4de keer binne 12 maande
3. Styg tot R138 per transaksie van af die 4de keer binne 12 maande

- 3.1 Hierdie is een van verskeie kostepakket-opsies wat hierdie bank aanbied. Betaal jy met hierdie opsie 'n maandelikse fooi bloot omdat jy 'n rekening by die bank het?
- 3.2 Betaal jy vir elke transaksie?

- 3.3 Wat kos dit jou om ‘n tjek by die bank se OTM te deponeer?
- 3.4 Wat kos dit jou om R200 kontant by die OTM te deponeer?
- 3.5 Hoeveel betaal jy as jy R750 uit jou rekening trek:
  - 3.5.1 by die bank se eie OTM
  - 3.5.2 by die banktoonbank (teller)
  - 3.5.3 by ‘n ander bank se OTM (soos ‘n Saswitch OTM)?
- 3.6 Moet jy betaal om vas te stel hoeveel geld in jou rekening is?
- 3.7 As jy geld by ‘n OTM wil trek, en daar is nie genoeg geld in jou rekening nie, vra die bank jou ‘n fooi omdat jy probeer het om geld te trek?
- 3.8 Watter fooi moet jy aan die bank betaal as jy ‘n aftrekorder op jou rekening het, waarvolgens R1 200 per maand aan ‘n winkel wat ook ‘n rekening by hierdie bank het, betaal moet word (‘n interne aftrekorder)?
- 3.9 Watter fooi betaal jy as jy ‘n debietorder het waarvolgens R930 elke maand aan jou woonsteleienaar betaal moet word, wie se rekening by ‘n ander bank is (‘n eksterne debietorder)?